



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2016

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

PUNTE: 60

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A: LEESBEGRIP	(20 punte)
AFDELING B: TAAL IN KONTEKS	(30 punte)
AFDELING C: OPSOMMING	(10 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer elke antwoord presies soos die vrae op die vraestel.
6. Laat 'n reël oop tussen die antwoorde.
7. Skryf netjies met blou of swart ink.
8. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1: TEKS A – ARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

ROLENE KRY NET 'N DRUKKIE EN TOE 'N LYFWAG

- 1 Suid-Afrika het vir die eerste keer in vier dekades weer 'n Mejuffrou Wêreld.
- 2 Rolene Strauss (22), 'n vierdejaar-mediese student aan die Universiteit van die Vrystaat, is Sondagaand in Londen as die mooiste vrou in die wêreld gekroon. Dit is die derde keer dat 'n Suid-Afrikaanse skoonheid die titel wen ná Penny Coelen en Anneline Kriel. “Dis onbeskryflik! Jy droom van kleins af hierdie droom saam met jou kind en noudat dit gebeur het . . . voel dit soos 'n droom,” het Theresa, Rolene se ma, Sondagaand net ná die aankondiging gesê. “Die oomblik toe sy gekroon is, kon ons haar net vinnig 'n stywe drukkies gee. Sy het dadelik 'n lyfwag gekry. So ons het nou eintlik nie eens meer vrye toegang tot haar nie!” Theresa, haar man Hennie, en seun Johan, was daar om Suid-Afrika se skoonheid te ondersteun.
- 3 Die wyse waarop sy Sondagaand as een van die topvyf finaliste 'n algemene vraag beantwoord het, het waarskynlik die deurslag gegee. Elkeen van die vyf moes op die vraag waarom hulle Mej. Wêreld wil wees, antwoord. Terwyl van die ander deelnemers gefokus het op wat dit vir hulle sou beteken, het sy gewys op die waardes wat sy sou wou uitdra. Volgens Rolene is waardes soos eenheid, vergifnis en versoening 'n belangrike deel van Suid-Afrika, en staan die Mej. Wêreldkompetisie ook daarvoor. Sy sou haar graag wou beywer om dit te bevorder.
- 4 “Vandat ek Rolene die eerste keer as 'n nuwe eerstejaarstudent ontmoet het, het haar selfvertroue en grasia my opgeval,” het prof. Jonathan Jansen, rektor van die UV, Sondagaand ná die kroning gesê. “Al kom sy van 'n klein dorpie (Volksrust in Mpumalanga) wys haar ideaal om akademies te presteer en haar deernis vir mense, wie sy regtig is en daarom verdien sy dit uit en uit om te wen.”
- 5 Casper Bosman, haar Bloemfonteinse ontwerper, het seker gemaak dat Rolene met elke tree van haar Mej. Wêreld-reis deur 'n ring getrek kon word. Hy het gesê die feit dat Rolene gewen het, sit Bloemfontein “definitief op die map”. “Dit wys net dat ons nie net met mense in Suid-Afrika hoef te kompeteer nie. Ons kan met mense regoor die wêreld kompeteer en wys ons het ook hier talent.”
- 6 Noudat sy die groot blou kroon in haar besit het, sal sy vir 'n jaar ná haar kroning in Londen woon, oor die wêreld heen reis en die Mej. Wêreld-organisasie en die sake waarvoor hy hom beywer, verteenwoordig.

[Bron: Aangepas en verwerk uit *Huisgenoot Digitaal*, 14 Desember 2014]

- 1.1 Die denotatiewe betekenis van die woord “**drukkie**” in die titel is:
Kies net die regte antwoord.
- A Gee vir iemand ’n drukkies.
B Sit jou arms om iemand se skouers.
C Hou nie daarvan as iemand aan jou vat nie.
D Mense hou van drukkies. (1)
- 1.2 Na hoeveel jaar is daar weer ’n Mej. Wêreld in Suid-Afrika? (1)
- 1.3 Wat volgens paragraaf 3 is die rede dat Rolene die titel gewen het?
Haal ’n sin uit paragraaf 3 aan as die antwoord. (1)
- 1.4 Noem EEN van die waardes wat Rolene as belangrik vir Suid-Afrika en die wêreld beskou. (1)
- 1.5 Noem EEN eienskap van Rolene wat vir prof. Jansen uitgestaan het. (1)
- 1.6 Kyk na die onderstaande stelling en beantwoord die vrae wat daarop volg.
Casper Bosman was verantwoordelik dat Rolene mooi moes aantrek.
- 1.6.1 Is die stelling ’n feit of ’n mening? (1)
- 1.6.2 Haal ’n **frase** uit paragraaf 5 aan om jou antwoord te motiveer. (1)
- 1.7 “... **deur ’n ring getrek kon word** ...” beteken ...
- A om mooi en netjies aan te trek.
B om ’n ring te dra en mooi klere dra.
C om altyd ’n ring saam met jou klere te dra.
D om klere te dra wat in die mode is. (1)
- 1.8 Dink jy hierdie artikel sal jong meisies inspireer om in Rolene se voetspore te volg? Motiveer jou antwoord. (1)

[9]

TEKS B: ADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Toughees®

GOEIE DINGE
WORD GEBOU OM TE HOU!

WEN 1 van 12 Fietse
Om in te skryf, koop enige toughees produk SMS jou STROKIENOMMER + NAAM VAN WINKEL) waar jy die item gekoop het) aan 37672 of gaan na facebook.com/tougheesSA
R1.50/SMS. Sluitingsdatum 31 Jan 2015

Egte Leer

6 Maande Waarborg


Gebou Om Te Hou
60 JARE VAN
TOUGHEES

- 1.9 Wat word in die advertensie geadverteer? (1)
- 1.10 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 1.11 Waarom is party woorde met groter letters geskryf? (1)
- 1.12 Wat moet jy doen om vir die kompetisie te kan inskryf? (1)
- 1.13 Die hoeveelste sluit hierdie kompetisie? (1)

[5]

TEKS C: GRAFIEK

Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.



[Bron: Sensus 2011]

GETAL MENSE IN:

2001 6202653

2011 6138064

- 1.14 Watter taal is in 2001 die minste in die Oos-Kaap gepraat? (1)
- 1.15 Watter taal het van 2001 tot 2011 afgeneem? (1)
- 1.16 Watter moontlike rede kan jy gee vir die afname in VRAAG 1.15? (1)
- 1.17 Watter taal is die gewildste in die Oos-Kaap? (1)
- 1.18 Rangskik die 2011 tale van die laagste tot die hoogste. (1)
- 1.19 Dink jy dit is belangrik dat die inligting oor die Oos-Kaap se tale bekend is?
Verduidelik jou antwoord. (1)

[6]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: TAAL

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Die vrae wat volg is op die advertensie hieronder gebaseer.



Clover
Way Better™

Little
Big
COOK OFF
A *likey, better* Family Recipe Search

Gaan kombuis toe en wen groot pryse

Clover is op soek na klein kokke wat mal is oor die kombuis. Daar is groot pryse om te wen- is julle gereed vir aksie?

As jy jou kleingoed van kleins af leer om te kook, gee dit jou die geleentheid om met hulle te bind. Clover Suiwel het die opwindendste kookreeks op TV begin, die Clover Little Big Cook Off. Hulle is nie net op soek na klein kokke van oral in Suid-Afrika nie, maar ook na die familieledede wat hulle so mooi geleer het. **Clover streef daarna om families bymekaar te bring.** Een gelukkige verbruiker kan elke week n kontantprys van tot R5 000 wen!

 CloverLBCO
 cloverlbco

[Bron: Vrouekeur, 2 Mei 2015]

- 2.1 Skryf die onderstaande sin oor en onderstreep die ALLITERASIE.
Clover soek na die klein kokke wat mal is oor die kombuis. (1)
- 2.2 Verduidelik die volgende frase in jou EIE WOORDE:
... klein kokke wat mal is oor die kombuis. (1)
- 2.3 Waarom word die woord "Clover" met 'n HOOFLETTER geskryf? (1)

2.4 Skryf die AFKORTING voluit.

Die program *Little Big Cook Off* word op **TV** uitgesaai. (1)

2.5 Gee die ONDERWERP in die volgende sin.

Die klein kokke kom van oral in Suid-Afrika. (1)


2.6 Wat is die GESEGDE (werkwoord) in die volgende sin?

Clover streef daarna om families bymekaar te bring. (1)

2.7 2.7.1 Verdeel die vetgedrukte woord in LETTERGREPE.

As jy **gelukkig** is, wen jy R5 000. (1)

2.7.2 Sê of die woord **gelukkig** op 'n oop- of geslote lettergreep eindig. (1)

2.8 Waarvoor staan die simbool  wat in die advertensie gebruik word? (1)

2.9 Waarom word 'n koei gebruik om die produk te adverteer? (1)

[10]

VRAAG 3

Die vrae wat volg is op **Marie se kalender** hieronder gebaseer.

DESEMBER - DOENDINGE

WEEK 1	1 Ek en my (3.1) pelle beplan 'n poppekas-vertoning	2 Skryf 'n toneelstuk vir 'n poppekas.	3 Maak die poppe.	4 Maak die poppekas.	5 Kleedrepetisie! Oefen die poppekas.	6 Maak eetgoed om by die vertoning te verkoop.	7 (3.2) Ek moet die vertoning vir die buurt se kinders hou.
WEEK 2	8 (3.3) Gaan stap met my troeteldier in die woonbuurt. Neem foto's van my troeteldier.	9 Kry groen vingers. Begin met 'n groentetuin.	10 Maak kerskaartjies	11 (3.4) Maak self geskenke om vir arm kinders te gee.	12 Pluk blomme in die tuin. Rangskik die blomme	13 (3.5) Ek sal vanaand aandete maak.	14 Gaan swem. (3.6) Ek trek my swembroek uit.
WEEK 3	15 Ek en my pelle gaan (3.7) dier+tuin toe.	16 Leer 'n nuwe speletjie wat ons buite kan speel..	17 Bied aan om my (3.8) buurman se swembad skoon te maak.	18 Hou 'n rugby of netbalwedstryd in ons tuin.	19 Maak my eie speletjie.	20 (3.9) maak/ in ons tuin/ Ek en my pelle / 'n video.	21 (3.10) Ek het 'n uitstekende plan om die video op Youtube af te laai.
WEEK 4	22 (3.11) Gee jou ou speelgoed vir 'n welsyns-organisasie.	23 (3.12) Jy sal die (goed) keuse maak as jy jou eie kersgeskenk kies.	24 (3.13) Bak Kerskoekies! Ek moet eers 'n ... eiers koop.	25 Ons sing Kersliedjies.	26 Maak 'n snaakse video met jou selfoon.	27 Skryf 'n gedig of liedjie.	28 (3.14) Ek is baie lief vir lees. Ek lees 'n boek!
WEEK 5	29 Hou 'n marathon-reeksaand saam met pelle, kyk al die episodes.	30 Verras my gesin met ontbyt in die bed.	31 Maak reg vir die nuwejaar. (3.15) Ek moet laat slaap.				

[Bron: Verwerk uit www.hoezit.com]

3.1 Skryf die **SINONIEM** van die vetgedrukte woord neer.

Ek en my **pelle** beplan 'n poppekas-vertoning. (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die **INDIREKTE REDE**.

Ma sê aan Marie: "Jy moet die vertoning vir die buurt se kinders hou." (1)

3.3 Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** wat gegee word.

Sy het met haar troeteldier in die buurt gaan stap.
Hy het oefening nodig. (omdat) (1)

3.4 Gebruik die vetgedrukte woord (**HOMONIEM**) in 'n ander sin sodat die woord 'n ander betekenis het.

Ek maak geskenke om vir die **arm** kinders te gee. (1)

- 3.5 Skryf die sin in die LYDENDE VORM oor.
Marie sal vanaand aandete maak. (1)
- 3.6 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD oor.
Ek trek my swembroek uit. (1)
- 3.7 Gee die SAMESTELLING vir die woorde in vetgedruk.
Ek en my pelle gaan **dier+tuin** toe. (1)
- 3.8 Gee die MEERVOUD van die vetgedrukte woord.
Ek maak my **buurman** se swembad skoon. (1)
- 3.9 Skryf die volgende sin in die korrekte WOORDORDE en begin met die vetgedrukte woorde.
maak / in ons tuin / **Ek en my pelle** / 'n video. (1)
- 3.10 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Ek het 'n uitstekende plan om die video op Youtube af te laai. (1)
- 3.11 Skryf die volgende sin in die INFINITIEF.
Sy moet haar ou speelgoed vir 'n welsynsorganisasie gee
Begin die sin met: Sy behoort haar ou speelgoed vir 'n welsynorganisasie ... (1)
- 3.12 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die vetgedrukte woord.
Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Jy sal die **goed** keuse maak as jy jou eie kersgeskenk kies. (1)
- 3.13 Vul die ontbrekende VERSAMELNAAM in.
Ek moet eers 'n ... eiers gaan koop. (1)
- 3.14 Kies die korrekte woord tussen hakies.
Iemand wat lief vir lees is, noem ons 'n (boekkenner/boekwurm). (1)
- 3.15 Skryf die volgende sin in die ONTKENNENDE VORM oor.
Ek moet laat slaap. (1)

[15]

VRAAG 4: SPOTPRENT

Die taalvrae wat volg is op die onderstaande spotprent gebaseer.



- 4.1 In watter plek is die persone? (1)
 - 4.2 Watter aksie van die seun wys dat hy die oog wil vang? (1)
 - 4.3 Verduidelik die figuurlike betekenis van die volgende.
"... laat ek net die 'waiter' se oog vang ..." (1)
 - 4.4 Gee die korrekte Afrikaans vir die woord "waiter". (1)
 - 4.5 Hoe sal die "waiter" op die volgende woorde reageer.
Kies net die regte antwoord.
- Dankie dat jy ons gehelp het.
- A Dankie.
 - B Dis 'n plesier.
 - C Ja, asseblief.
 - D Dis okei. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: OPSOMMING**VRAAG 5**

Lees die onderstaande WENKE OOR HOE OM ELEKTRISITEIT TE BESPAAR sorgvuldig deur.

- Skryf jou SEWE wenke oor hoe om elektrisiteit te bespaar, puntsgewys neer.
- Jy moet EEN sin oor elke wenk skryf.
- Skryf in jou EIE WOORDE.
- Jou opsomming moet ongeveer **50 tot 60** woorde wees.
- Dui die aantal woorde aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal gepeenaliseer word as jy meer as 60 woorde skryf of nie die getal woorde aandui nie.

- 1 Daar is twee maniere waarop jy met elektrisiteit kan werk. Die een is om minder energie te gebruik en die ander is om dit slimmer te gebruik. Met hierdie slim wenke gaan jy nie net die aarde red nie, maar ook baie geld vir jou ouers spaar.
- 2 Verlaag die temperatuur van jou warmwatertoestel tot ongeveer 55 grade sodat jy nie te veel koue water hoef by te voeg wanneer jy stort of skottelgoed was nie.
- 3 Onthou om die deksel op die pot te sit wanneer jy kook om hitte en energie te bespaar. Die grootte van die pot behoort ooreen te stem met die grootte van die stoofplaat – dit kan jou tot 25% bespaar op die elektrisiteit wat jy gebruik terwyl jy kook.
- 4 Maak alle vensters en deure toe as die lugversorger aan is. Dit hou die koel of warm lug binne en verminder die energielading op die versorger.
- 5 Moenie die ketel tot oorvol vul nie. Kook net die hoeveelheid water wat jy nodig het. Jy sal geskok wees oor die hoeveelheid elektrisiteit wat gebruik word vir die maak van 'n eenvoudige koppie tee.
- 6 Maak die yskasdeur slegs oop wanneer jy iets wil uithaal of bêre, en moenie dit onnodig lank laat oopstaan nie.
- 7 Verminder jou kragrekening deur al jou strykwerk op een slag te doen. Dit keer dat energie vermors word wanneer die yster verskeie kere gebruik word.
- 8 Probeer so min as moontlik elektrisiteit tussen 6:00 tot 10:00 in die oggend en 18:00 tot 20:00 in die aand te gebruik. Die pryse van elektrisiteit is dan amper drie keer duurder gedurende spitstye.
- 9 Deel asseblief die wenke met jou familie en vriende.

[Bron: Departement van Minerale en Energie]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60